‘Stygende pryse het invloed op kinders’

Die stygende pryse van kos, elektrisiteit, brandstof en vervoer het 'n regstreekse invloed op die lewens van veral arm kinders.

So het die kinderregte-organisasie Molo Songololo gister gesê. Volgens die organisasie is die impak van hoë en stygende pryse "geweldig".

"Ons het gesien baie kinders in arm gesinne moet van baie minder as gewoonlik leef. Ouers en oppassers kan dit nie bekostig om genoeg gesonde kos vir hul kinders te koop nie. Dit verhoog die risiko van wanvoeding, onderontwikkeling en hongersnood onder kinders," sê mnr. Patrick Solomons, woordvoerder van Molo Songololo, luidens 'n verklaring.

Volgens Solomons kan sommige ouers nie meer bekostig om kinders skool toe te vervoer nie en word kinders gedwing om ver afstande te stap. Onderwysers en howe sê ook glo dat kinders agter raak met hul skoolwerk omdat hulle nie meer gereeld skoolgaan nie.

"Daar is ook verslae van kinders wat ander maniere soek om te oorleef. Sommige word die slagoffers van volwassenes wat hulle misbruik en uitbuit. Daar is ook dié wat niks anders kan doen as om te steel of ander misdade te pleeg nie," sê Solomons.

Volgens hom is 'n nasionale kosbeheeragentskap en die oorlog-op-armoede-veldtog positief van aard. "Tog is dié pogings stadig en te laat vir armes wat reeds ly en nie genoeg gesonde kos kry nie."

– Leané du Plessis